# Meerendal-volmaanstap 2023

| ROETE: | Sirkelroete | DATUM: | 30-Sep-23 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam agt van ons kom die Saterdag om 18:30 op die plaas Meerendal net buite Durbanville bymekaar vir dié volmaanstap van 5 km. Dit was 'n heerlike windstil aand. Die Saterdagoggend het dit nog gereën, maar dit het gelukkig teen die middag begin ooptrek. Mens kan wonder of so 'n kort stap die moeite werd is, maar almal het genoem dat dit goed was om uit te kom na al die storms van die vorige twee weke. (Al die ander mense op die roete het duidelik dieselfde idee gehad.) Die roete loop al om die koppies met pragtige uitsigte oor die plase. So halfpad op die roete word dit donker en moes ons ons flitse uithaal. Terug by die beginpunt het party van ons span op 'n muurtjie gaan gesit en hul koffie gedrink (ons het nie langs die pad gestop nie) terwyl drie van ons by die restaurant op die plaas gaan koffie drink het. Dit was een van daardie goed-voel stappe. Klimhoogte: 50 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2023045 | R 5 | 5 | |
| Elisma Maree | 2023070 | R 5 | 5 | |
| Mariette Nortjé | 2023062 | R 5 | 5 | |
| Chantelle Smit | Besoeker | R 10 | 5 | |
| Janco Kotze | 2023120 | R 5 | 5 | |
| Willmaine Truter | 2023159 | R 5 | 5 | |
| Nikki Truter | Besoeker | R 10 | 5 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 45** | **35** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Amanda |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|